LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

12-08-2019

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 27 VIR 2019

1 RO-KLASSE:

Daar is geen RO-klasse op Woensdag, 14 Augustus 2019 nie, a.g.v. personeelverpligtinge.

2 SKOOLREëLS:

Ouers word dringend versoek om toe te sien dat u kind/kinders se ***HARE en KLERE aan die skoolreëls*** voldoen.

3 KOOR:

Daar is geen kooroefening dié week vir die Junior- en Seniorkore nie. Ons oefen eers weer op 9 en 11 September 2019.

4 HEIDELBERG EISTEDDFOD:

Geen sertifikaat word meer ontvang nie. Slegs kunsuitslae sal ontvang word sodra beoordelaars klaar is met die kunsstukke en leerders uitslae ontvang het.

5 SUIKERBOSRAND EISTEDDFOD:

Inskrywings het reeds gesluit vir die 2de gedeelte. Kunsstukke moet asb. voor of op 1 September by Juf. Lizelle (Juniors) en Juf. Madeleine (Seniors) ingehandig wees.

6 SPREEKKOOR:

Oefening is vandag om 13:00 - 13:30 in Juf. Monica se klas.

7 VARKFEES:

- Vanjaar vind ons Varkfees plaas op 6 en 7 September 2019 by Heidelberg Vliegveld.
- Maak seker u besoek die webblad, www.varkfees.co.za, vir die kunstenaars wat optree en die program vir die naweek.
- Ouers sal volgende week 'n strokie ontvang met u dienstye.

8 PUBLIC SPEAKING:

Vanjaar vind ons Public speaking plaas op Donderdag, 24 Oktober 2019. Hierdie is slegs KREATIEWE toesprake en geen tema of bronverwysings is nodig nie. Graad 1-3 leerders skryf in by Juf. Lizelle en Graad 4-7 leerders by Juf. Madeleine.

Temas is:

Graad 1 - Favourite ice cream toppings
Graad 2 - The most delicious meal I've ever had
Graad 3 - If I build the ultimate sandwich, it would have. . .
Graad 4 - The worst vegetable on the planet
Graad 5 - I don't like to eat . . .
Graad 6 - Why I don't care about the "five second rule"
Graad 7 - One thing I know how to cook is . . .

9 CONQUEROR WAENTJIE PROJEK:

- Hierdie is ons laaste GROOT fondsinsamelingsprojek vir die jaar.
- Ons vra GROOT ASSEBLIEF vir 'n groot poging van die ouers en leerders.
- Ons loot 'n Conqueror waentjie, Courage Trailer, ter waarde van R127 000 uit.
- Trekking vind plaas by die Varkfees.
- Die leerder wat die meeste kaartjies verkoop wen R1000.
- Die gesin wat die meeste kaartjies verkoop wen die waarde van 1 jaar se skoolgeld vir 2 kinders.
- Vir elke 5de kaartjie wat verkoop word, mag leerders gewone klere aantrek en elke 10de kaartjie kry die kind 'n snoepie koopbewys by.

10 DRAMAKLUB:

Daar is geen dramaklub op Woensdag nie. Vir die res van die kwartaal gaan die dramaklub weekliks in 2de pouse bymekaar kom a.g.v. Revue-oefeninge in die middae.

11 LANDLOOP:

Landloop oefening is soos gereël en Vrydag se byeenkoms is by Sonlandpark.

12 KRIEKET:

Oefentye:

Maandag:
0/11 A & B = 14:00 - 15:00
Dinsdag:
0/11 A, B, C = 14:00 - 15:00
Donderdag:
0/13 A oefen, maar nie 0/13 B nie.

12.1 MINI-KRIEKET:

Oefening is net Maandag vanaf 14:00 - 15:00 op ons velde vir Gr. 1 en 2 seuns.

13 HOKKIE:

13.1 MINI-HOKKIE:

- Oefentye is soos gereël.
- Wedstryddatums: 15 Aug, 22 Aug en 29 Aug te Arconpark.

13.2 SEUNSHOKKIE:

Seuns oefen vanaf 15:45 tot 17:00 te Hoër Volkskool se velde by die netbalbane.

13.3 DOGTERSHOKKIE:

Oefentye is soos gereël met spanne.

14 *SKAAK:*

Woensdag is skaakoefening in Juf. Monique se klas van 16:00 - 17:00 vir al die ligaspelers.

15 GRAAD R REGISTRASIE VIR 2020:

- Ons amptelike Graad R Opedag vir 2020 is op Vrydag, 13 September 2019 om 08:00 tot 11:00 in ons skoolsaal. Opening vir ouers en kleuters sal 08:00 wees, waarna almal saam na die Kleuterskool sal verdaag vir die res van die program.
- Ouers kan wel vanaf 1 Augustus 2019 registrasievorms by die Navraekantoor of vanaf die skool se webblad afhaal.
- Volledig voltooide registrasievorms moet voor of op 18 Oktober 2019 by die Navraekantoor ingehandig word.

16 SA Water Warriors-projek:

South African Water Warriors is 'n Nie-Winsgewende Organisasie wat geregistreer is by die Departement van Sosiale Ontwikkeling met NPO No: 212-127.
Die voortslepende droogte in dele van Suid Afrika laat ons boere en gemeenskappe in 'n gebroke finansiële situasie, wat nie slegs die boere-families raak nie, maar ook die van hul werkers en families, hul vee asook hul troeteldiere. Baie van hierdie areas gaan gebuk onder 'n droogte van ongeveer 5-6 jaar waar geen inkomste gegenereer word nie. Waar daar eens lande vol voer gekweek was, lê nou droog en verlate.
Ons boere in Suid Afrika het ons hulp ongelooflik baie nodig, selfs so ver as hul eie leë kos kaste.
Ons grootste wens is om genoeg donasies in te kry om ongeveer 335 gesinne in die Noord Kaap verligtig te gee.
Met verskeie skole kan ons almal saam hul ondersteun en weer hoop gee. Deur ons kinders is dit ook 'n maklike manier om die publiek toegang te gee na 'n donasie stasie sonder om na 'n spesifieke aflaai punt spesiaal te ry.
Vir meer inligting kan u vir Mev. Mariska Botha kontak by 0740550878.

17 MUSIEKPRET 2019:

Dit is weer tyd vir ons MUSIEKPRET aand wat gaan plaasvind op 4 September 2019 om 18:30 vir 19:00 in ons skoolsaal.
Bespreek jou kaartjie of tafel vir 10 gaste by Juf. Ronelle Terblanche @ R80 per persoon.

18 AKADEMIESE SPANNE VIR 2DE KWARTAAL 2019:

Baie geluk aan die volgende leerders met 'n gemiddeld van 85% en hoër.

GRAAD 4	GRAAD 5	GRAAD 6	GRAAD 7
Emma Barnard	Xané Ainslie	Jayden Barnard	Kay-Lee Baird
Micke Britz	Luné Böhme	Ruben Basson	Melissa Greeff
Dylan Crafford	Mia Boshoff	Inge Boshoff	Gerrit Henken
Michelle de Beer	Leila de Beer	Anika Coetzee	Brandt Huisamen
Rohan de Rouwe	Jano Dietrechsen	Caillou Cronje	Janel Jordaan
Anke de Villiers	Div Huisamen	Melissa de Beer	Elmien Labuschagne
Nanu Dercksen	Christi Jordaan	Lauriska Els	Elri Mulder
Anneke Els	Lize Munro	Bianca Erasmus	Reinhardt Steenekamp
Markus Everson	Bianka Pieterse	Faraz Gani	Tiané Steyn
Janez Fritz	Liezel Rautenbach	Anke Kotzé	Telisa van Heerden
Amina Gani	Chiara Schoeman	Anika Kritzinger	Matthew Wentzel
Lunel Greyling	Anéll Shepherd	Yolandi Kührt	
Claudia Heath	Casey-Leigh Smit	Lerize Liebenberg	
Vangile Hlongwane	Lizandri Trollip	Rico Lombard	
Carlika Koch	Eon v/d Westhuizen	Zandré Smook	
Daniëlle le Roux	Luané van Staden	Huib Sprong	
Lené le Roux	Arné van Tonder	Karin Venter	
Madeleen Lewis	Klaas Venter	Wilhelm Verwoerd	
Marike Marais	Lihandi Venter	Charlene Wepener	
Ankia Meyer	Chriselda Viljoen	Marco Zdara	
Mieke Nienaber	Lize-Mari Vosloo		
Jana Potgieter			
Logan Price			
Milan Rautenbach			
Juné Schlebusch			
Owethu Shabangu			
Willem-Jan Sprong			
Annishka Strydom			
Rico Swart			
Ingrid Venter			
Carli Venter			
Jan Venter			
Stian Vogel			
Tertius Wentzel			
Claudia White			

Volkiegroete

P. STRYDOM
HOOF